## Vokale, konsonante en diftonge

**Vokale in Afrikaans is die klanke** a, e, i, o, u, soos in die woorde m**a**n, p**e**n, br**u**g, v**i**s (*short vowels*), en n**ee**f, k**oo**p, v**uu**r, m**uu**r (*long vowels*). Wanneer 'n lang vokaal in 'n oop lettergreep (*open syllable*) geskryf word, word dit met 'n enkel vokaal aangedui, bv. m**u**re, p**e**re, m**a**ne, b**o**me.

**Diftonge** is twee klanke, naamlik aai, ei, y, eeu, oei, soos in k**aai**, **ei**s, **y**l, m**eeu**, r**oei**.

**Konsonante** is al die ander klanke in die alfabet. 'n Konsonant word verdubbel as dit tussen twee vokale staan en die eerste vokaal dra die hoofklem van die woord, bv. o**gg**end, vi**nn**ig, li**gg**aam.

Ander voorbeelde waar konsonante verdubbel word, is dan**ss**koene (eerste basis eindig met 'n **s** en die tweede basis begin met 'n **s**), snaak**ss**te (die basis eindig op 'n **s** + ste wat die oortreffende trap aandui).
Konsonante wat tussen 'n kort onbeklemtoonde vokaal en 'n daaropvolgende vokaal staan, word nie verdubbel nie, bv. heerli**k**e.

1. Verdeel die woorde in lettergrepe.
   a) doelwagter ______________________
   b) onderwyser ______________________
   c) atlete ______________________
   d) atletiekbaan ______________________
   e) skeidsregter ______________________
   f) sertifikaat ______________________

**Wenke**

Gebruik die rympie **arme ek is oupa uil** om die vokale te onthou.

2. Gee die meervoud van die vetgedrukte woorde. Let op die spelling waar daar lang en kort vokale voorkom.
   a) Die skeidsregter kyk of die **baan** netjies en skoon is.
   ______________________
   b) Die **sportman** is baie fiks en gesond. ______________________
   c) Die speler slaan die **bal** reguit by die kantlyn uit. ____________
   d) Daardie seun het sy **been** tydens die wedstryd beseer.
   ______________________
   e) Lebogang het haar **sportsak** langs die baan vergeet.
   ______________________
   f) Die afrigter vra hulle moet die **doelhok** regskuif.
   ______________________


© Oxford University Press Southern Africa

3. Onderstreep die lettergreep in die woorde wat die hoofklem dra (dit wil sê die deel van die woord wat die hardste uitgespreek word).

   a) telefoon

   b) vriendelike

   c) verbasing

   d) woordeboek

   e) skaduwee

4. Dui die spelfoute in elk van die sinne aan deur die woorde te onderstreep. Skryf dan die woord korrek.

   a) Die kind was knie diep in die moeilikheid. ____________________

   b) Hy was hierdie jaar die flukste student. ____________________

   c) Die skool sal Vrydag twaalf uur uitkom. ____________________

5. Lees die paragraaf deur en skryf vyf woorde neer wat verkeerd gespel is. Skryf ook die korrekte spelling daarvan neer.

> Die afrigter is 'n baie vriendelikke persoon. Hy lyster graag na die spellers en ken sy werk. Wanner die span 'n wedstryd speel, hardloop hy van links na regs om die span aan te moedig. Hy maak ook die oefensessie interesant sodat die spellers entoesiasties daaraan deelneem.

   a) ____________________ ____________________

   b) ____________________ ____________________

   c) ____________________ ____________________

   d) ____________________ ____________________

   e) ____________________ ____________________

© Oxford University Press Southern Africa